# Wag op die Here! 15

15. **Wag op sy leiding**

*Maar hulle het gou vergeet wat Hy gedoen het en nie op sy leiding gewag nie.*
*Psalm 106:13*

Hierdie uitspraak kom oor die Godsvolk in die woestyn. Hulle het nie op sy leiding gewag nie en hulle eie kop gevolg. Dit is ook die sonde van die Godsvolk oor die eeue. In die dae van Josua in Kanaän het hulle dit weer gedoen toe hulle ’n verdrag met die Gibeoniete gesluit het (Rigters 2:1-2). Selfs volwasse gelowiges kan dit oorkom! Daarom is dit iets waarteen ons almal moet waak.

Ons verhouding met God word juis hierdeur bepaal: dat sy wil geskied, in ons, net soos in die hemel. Daarom behoort ons te wag op sy leiding as die enigste gids vir ons gedagtes en dade, in ons eredienste, besluite, vergaderings, bestuur, of in ons gewone gang elke dag. Namate ons sy wil soek, vind en eerbiedig, na dié mate sal God sy werk vir ons en deur ons op ’n kragtige wyse doen.

Jy het die Bybel. Jy kan terugkyk op ervarings van God se leiding. Jy hou aan ’n suiwer leer vas. Jy wil God se wil doen. Die gevaar is egter dat jy jou vertroue slegs hierin stel, en nie besef nie dat jy ten spyte hiervan steeds swaar moet én kan steun op God se leiding vir elke tree wat jy gee. Daar is soveel waarvan ons nog nie eers weet nie, wat ons almal nog hieroor kan leer. God wil graag jou gees hiervoor oopmaak, mits jy Hom toelaat en op Hom wag om dit te doen. Die gevaar bestaan dat jy Hom prys vir alles wat Hy gedoen en gegee het, en dan nie groter dinge van Hom verwag nie. Dink maar aan die Israeliete. Selfs nadat God vir hulle water uit die rots gegee het, wou hulle Hom nie vertrou vir brood nie. As jy nie op God se leiding wag en Hom toelaat om op sy eie tyd en wyse te werk nie, kan jy sy werk aan bande lê.

Dit is waar van elke byeenkoms van God se mense. Daar moet ’n mens stil word, en moet daar by jou ’n afwagting en verwagting van God se teenwoordigheid, ’n bewussyn dat ons Hom nodig het, aanwesig wees. *Wag dan op sy leiding!*

## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026